Literatuur - Oorsig

Universiteite in Europa en Amerika is in die wurggreep van die rewolusie. Wanneer ons die oorsaak van die verskillende studenteonluste wil opspoor, moet ons maar net ag gee op die professore en lektore van daardie selfde akademiese inrigtings. Aan verskillende universiteite word nou gemaai wat daar eers gesaai is. 'n Bewys vir hierdie stelling kan ons vind in 'n boek van von Wolf-Dieter Marsch wat 'n versamelwerk uitgegee het oor die epochmachende boek van Jürgen Moltmann, Die Theologie der Hoffnung. In die boek van Marsch met die titel: Diskussion über die 'Theologie der Hoffnung', Chr. Kaiser Verlag München, 1967, vind ons o.a. artikels van H. Berkhof en H. M. Kuitert. Daar is egter een bydrae waar ek veral u aandag op wil vestig nl. die een van Christoph Hinze. Hinze laat ondubbelsinnig sien hoe die ,teologie van die hoop' eintlik maar net 'n teologie van die rewolusie is. Volgens Moltmann, aldus Hinze, lê die sin van die geskiedenis so absoluut in die nuwe dat die bestaande sonder enige betekenis is. Die mens word deur Moltmann opgeroep tot 'n exodus uit alle bestaande strukture: maatskaplik, sosiaal, kerklik en politiek. Moltmann ontken, aldus Hinze, die identiteit tussen die God van Israel en van die opstanding van Christus én die Skepper van hemel en aarde. Die skepping is nog net daar om verniel te word. Opstanding word in verband gebring met opstand, rewolusie. Vroeër is al deur S. van der Linde en W. H. Velema, twee nederlandse teoloë, aangetoon dat daar 'n duidelike marcionistiese trek te sien is in die teologie van die hoop van Moltmann, maar hulle is as konserwatiewes die swye opgelê, hulle stemme het geklink as roependes in die woestyn van die hedendaagse teologie. En nou kom Christoph Hinze bewys dat hulle reg was en die onluste aan universiteite word gepropageer deur dieselfde studente wat so gejuig het oor die destruktiewe boek van Moltmann.

'n Volgende boek wat amper op dieselfde vlak beweeg en wat 'n mens nie sonder innerlike emosies kan lees nie, is die biografie van Erberhard Bethge, Bonhoeffer, Theologe — Christ — Zeitgenosse, Chr Kaiser Verlag, München, 1967. Alleen al uit teologiese en kerkhistoriese oogpunt is hierdie boek van Bethge besonder interessant. Bekende teoloë soos von Harnack, Seeberg, Dieszmann, Julius Richter, Barth, Bultmann, Niebuhr, Visser 't Hooft e.a. ontmoet ons in hierdie boek. Verder kry ons 'n skitterende insig in die toestande aan duitse universiteite as ook in die begin van die ekumeniese beweging. Op aangrypende wyse word die kerkstryd in Duitsland geskilder. En wanneer u uself wil wapen teen ons teenstanders wat so graag die regering van Suid-Afrika met die van Hitler-Duitsland wil vergelyk, dan moet u tog veral hierdie insiggewende boek lees. Andersyds ag ek hierdie boek ook heilsaam vir die situasie as kerk in Suid-Afrika. By ons as kerk bestaan daar die gevaar dat ons die nasionale wil laat heers oor die kerklike, dat die binding aan die volk belangriker geag word as die binding aan die

Woord. Reeds in 1931 het Hermann Sasse, 'n dogmatikus en professor in simboliek gewaarsku vir „die Unterordnung der kirchlichen unter die nasionale Frage" (a.w., p. 239). Die figuur van Bonhoeffer self bly ook in Bethge se boek min of meer misterieus. Ons word diep getref deur sy vroomheid, maar tegelyk ontstel dit tog 'n mens om te lees hoe Bonhoeffer glad nie beswaar gemaak het teen Bultmann se ontmitologiserings program nie, wanneer die gehele teologiese wêreld in Duitsland in beroering gekom het toe Bultmann in 1941 sy berugte rede oor: Neues Testament und Mythologie, gelewer het (vgl. p. 798 e.v.). Ook noem Bonhoeffer die geskiedenis van die skepping (Gen. 1-3) 'n legende (p. 260). Die raaisel Bonhoeffer word ook in hierdie boek nie opgelos nie, maar tog is Bethge se biografie myns insiens 'n boek van hoë standaard, want dit gee ons 'n voortreflike insig in 'n baie bewoë tydperk in die geskiedenis en die kerkgeskiedenis van Duitsland

Uit Amerika kom 'n boek (hoewel dit in Duitsland gedruk is: Verlag Alfred Töpelmann, Berlyn, 1966) van R. C. Tannehill, Dying and Rising with Christ, waarin ons kan lees hoe die idee van die korporatiewe persoonlikheid steeds verder deurdring in die teologie van die Nuwe Testament. Tannehill probeer om die Christusmistiek van Deiszmann en die indiwidualistiese Paulus-interpretasie van Bultmann te weerlê met die begrip van die „corporate personality". Op 'n verrassende manier teken die skrywer hoe daar by Paulus nie so iets as 'n teënstelling bestaan tussen die juridiese en mistiek, tussen die eskatologiese struktuur van sy gedagtes en die leer van die regverdiging deur die geloof nie. Ons beswaar is egter dat by Tannehill die persoonlike en indiwiduele geabsorbeer word deur die kollektiewe (vgl. p. 61, 62). Tannehill se boek is weer 'n bewys dat 'n mens nie straffeloos die begrip „korporatiewe persoonlikheid" wat miskien nog op Adam van toepassing mag wees, ook op Christus kan toepas nie.

Solank in die spreke oor die sterwe en die opstanding van die gelowiges met Christus die representasie nie duidelik van die inkorporasie onderskei word nie, kom daar 'n ontsporing in die rigting van die indiwiduele of in die rigting van die kollektiewe.

Op die nederlandse boekmark het die proefskrif verskyn van J. Veenhof, Revelatie en Inspiratie, 1968. Veenhof se boek is 'n groot werk oor die openbaringsleer en dieSkrifleer van Herman Bavinck in sy kontrovers met die etiese rigting. Dogmenhistories is Veenhof se boek werklik van baie hoë standaard. Hy bied ons 'n stuk nederlandse teologie uit die laaste decennia van die 19e eeu en die beginjare van die 20ste eeu. Veenhof vra met name meer begrip vir die etiese rigting. Hierdie proefskrif het my tog laat wonder of A. Kuyper tog nie skerper die gevare van die etiese rigting raakgesien het as H. Bavinck nie al mag dit dan wees dat Kuyper se strydmetode nie altyd bewondering kon afdwing nie. Dit lyk vir my dat Veenhof te optimisties dink oor die etiese teologie. Daarom is die laaste hoofstuk van hierdie veelsins voortreflike boek tog teleurstellend. Wanneer Veenhof kom by die hedendaagse Skrifbeskouing van verskillende dogmatici en nu-testamentici, gee hy nie 'n kritiese beoordeling nie, maar volstaan hy net met die mededeling dat

daar in verband met die probleem van die gesag van die Skrif nog baie moeilikhede oorwin moet word. Hierdie uitmuntende proefskrif met sy deeglike analise van die verlede sou nog meer aan waarde gewin het, wanneer die skrywer ook sou aangetoon het hoe die Skrifleer van Berkouwer, Baarda, Augustijn, van Klare Wijn etc. al bedenklik gaan in die rigting van die etiese teologie.

Uit Stellenbosch kom 'n proefskrif van J. du Preez: Sendingperspektief in die boek Openbaring (1968). Du Preez se boek lyk vir my 'n waardevolle bydrae tot wat ek wil noem die suidafrikaanse teologie, want hy gee besonder veel aandag aan die probleem van die struktuur van die universele kerk. Sy konklusie kom min of meer hier op neer dat die universele kerk in hierdie bedeling „volksgewys" gestruktureer is. En eksegeties gee die skrywer ook pragtige vergesigte met name wanneer hy handel oor die s.g. troonhoofstuk, hoofst. 4 van die Openbaring. Op bepaalde onderdele mag ons miskien van die skrywer verskil en ook sy uitgangspunt mag kritiek oproep – hy besien nl. die Apokalyps te veel vanuit die verbond en te min vanuit die koninkryk, terwyl dit in die Openbaring tog gaan om die koninkryk van God in sy voleinding, aldus W. J. Snyman – tog is ons oortuig dat elke predikant in sy voorbereiding van preke oor die Openbaring gerus van hierdie boek gebruik kan maak.

Vanselfsprekend mag ons die feesbundel ter ere van Herman Ridderbos se jubileum as hoogleraar: Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid, 1968, nie vergeet nie. Onder die pragtige preke wat in hierdie bundel opgeneem is, blink die een oor die ryk man en Lasarus besonderlik uit. 'n Referaat voor ons G. T. V. te Pretoria gelewer: De nieuwe discussie over de zogenaamde historische Jezus, kan ons hier rustig oorlees en 'n voortreflike artikel oor: Opbouw en strekking van de proloog van het evangelie van Johannes, skep die verwagting, dat Ridderbos na sy monumentale werk oor Paulus besig is om hom voor te berei vir 'n boek oor die johannese geskrifte en dit sal ons van harte toejuig veral na die verskyning van R. Bultmann se verklaring oor die Briewe van Johannes wat eweas sy kommentaar op die Johannesevangelie wel baie interessante materiaal bied oor die oosterse, gnostieke wêreld en die kultuurhistoriese agtergrond van die N.T., maar waar 'n predikant by die voorbereiding vir sy preke maar min waardevolle gedagtes uit kan put.

'n Teleurgestelde Berkouwer wat bekend staan as 'n kenner van die rooms-katolisisme en wat baie simpatiek gestaan het teenoor die nuwere ontwikkeling by Rome, kan in sy jongste boek: Nabetrachting op het concilie, 1968, sy gevoelens van teleurstelling nie verberg nie. Daar is onder invloed van pous Paulus VI 'n merkbare terugkeer na die tridentynse vorm van die rooms-katholosisme. Berkouwer toon dit aan met betrekking tot die ensikliek „Mysterium fidei" waarin die leer van die transubstantiatio baie sterk beklemtoon word en waarin die idee van herbronning radikaal afgewys word én in die beklemtoning van Maria as Moeder van die kerk (Mater Ecclesiae) in die 3e sittingsperiode van die 2e Vatikaanse konsilie. Berkouwer se boek is vir my

weer eens 'n bevestiging dat Ds. H. J. Hegger wat sy siening op die Romana so glashelder in sy boeke en in sy blad: In de rechte Straat, uiteengesit het, darem tog reg was

Tenslotte moet ek u nog wys op die boek van Prof. H. van Riessen. Mondigheid en de macht, 1967, wat handel oor die moderne mens en sy mag. Hierdie boek is godsdienswysgerig van aard en teken die magte soos tegniek en wetenskap wat oor die moderne mens heers. Van Riessen lewer deeglik kritiek op die mondigheid en die medemenslikheid. Maar in hierdie boek is veral van belang van Riessen se diskussie met H. M. Kuitert. Hy skilder Kuitert se teologie as 'n oormoedige teologie wat hom as 'n mag openbaar wat die plek van die Bybel gaan inneem en die hoogste beroepsinstansie gaan word. By Kuitert word, aldus van Riessen, die teologie die uitlegster van die Skrif en hierdie teologie begin volgens Kuitert nie by die Skrif nie maar by die tradisie as oorgelewerde geloofsgoed.

Ook bespreek van Riessen Kuitert se tradisie-begrip en daarom kan hierdie boek ons goed help om Kuitert se boek: De realiteit van het geloof, beter te verstaan en te ontleed.

L. FLOOR.

(Gelewer voor G.T.V. Pretoria, Junie 1968).